Groete van Precept

Ons is so bly dat jy gekies het om God se Woord te bestudeer. Daar lê 'n opwindende tyd vir jou voor om meer te leer oor God, sy karakter, sy weë en die verhouding wat jy met Hom het. Ons is seker dat God se Woord vir jou die kennis en motivering sal bied om jou te help waardig in Jesus se roeping te wandel. Net so is ons ook seker dat jy persoonlik uitgedaag, aangemoedig en verander sal word deur die krag van sy bonatuurlike Woord.

Ons wil graag met jou in verbinding bly sodat ons jou kan vertel van al die wonderlike dinge wat God deur Precept doen. Sal jy met ons in verbinding bly? Ons wil graag hoor hoe God jou aangeraak het deur die induktiewe studie van sy Woord.

Besoek ons *Precept Africa*-tuisblad by www.precept.org.za of vind ons op *Facebook* by *Precept Africa*.

Ter afsluiting wil ons jou bedank vir jou toewyding ten opsigte van die getroue bestudering van God se Woord en ***"Lê jou daarop toe om jou voor God te stel as iemand wat die toets deurstaan het, as 'n arbeider wat hom nie hoef te skaam nie, wat met die woord van die waarheid die reguit pad aandui"*** (2 Timoteus 2:15, *Die Bybel, Afrikaanse 2020-vertaling*). Ons deel 'n spesiale band met jou op grond van ons liefde vir God se Woord.

Ons sien uit daarna om van jou te hoor.

Die Precept-span

VOORSKRIF
OP
VOORSKRIF®

# *Jesaja*

DEEL 1

DIE WOORD VAN DIE HEILIGE VAN
ISRAEL, DIE OORBLYFSEL
EN DIE NASIES ...
EN DIE BELOFTE VAN DIE KIND WAT
GEBORE SAL WORD

Hierdie is ’n spesiale Precept-uitgawe.
Oorspronklik in Engels gepubliseer onder die titel
ISAIAH PART 1
THE WORD OF THE HOLY ONE TO ISRAEL, THE REMNANT, AND THE NATIONS . . .
AND THE PROMISE OF THE CHILD TO BE BORN

1ste Uitgawe © 2023 Precept South Africa

VOORSKRIF OP VOORSKRIF®

JESAJA
DEEL 1
DIE WOORD VAN DIE HEILIGE VAN ISRAEL, DIE OORBLYFSEL EN DIE NASIES
… EN DIE BELOFTE VAN DIE KIND WAT GEBORE SAL WORD

Precept, Precept Ministries International, Precept Ministries International: The Inductive Bible Study People, die Plumb Bob-ontwerp, Precept Upon Precept, In & Out, Sweeter than Chocolate!, Cookies on the Lower Shelf, Precepts For Life, Precepts From God’s Word en Transform Student Ministries is handelsmerke van Precept Ministries International.

ALLE REGTE VOORBEHOU
Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, vertaal of elektronies, meganies of in enige vorm geberg of versend word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Hierdie beperking sluit in fotokopiëring, skandering of die berging van enige stof op enige inligtingbergingstelsel.
Gebruik met toestemming.

Indien anders vermeld, is alle Bybelaanhalings uit Die Bybel Afrikaanse 2020-vertaling (AFR 20).
Gebruik met toestemming van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

PRECEPT SOUTH AFRICA
Ringwoodrylaan 187 | Pinelands | 7405 | Suid-Afrika
www.precept.org.za | support@precept.org.za
Tel. +27 (021) 531-1836

Gedruk in Suid-Afrika
Januarie 2023

# INHOUD


| BLADSY | INLEIDING |
|---|---|
| 1 | Inleiding |
| | LESSE |
| 5 | LES EEN: Hoofstuk 1-2 |
| 23 | LES TWEE: Hoofstuk 3-5 |
| 37 | LES DRIE: Hoofstuk 6 |
| 53 | LES VIER: Hoofstuk 7-9 |
| 73 | LES VYF: Hoofstuk 9-12 |
| 83 | LES SES: Hoofstuk 12-14 |
| 95 | LES SEWE: Hoofstuk 14-18 |
| 103 | LES AGT: Hoofstuk 19-23 |
| 113 | LES NEGE: Hoofstuk 24-25 |
| 123 | LES TIEN: Hoofstuk 26-27 |
| 133 | LES ELF: Hoofstuk 28-29 |
| 143 | LES TWAALF: Hoofstuk 30-32 |
| 151 | LES DERTIEN: Hoofstuk 33-35 |
| 159 | LES VEERTIEN: Hoofstuk 36-39 |
| | BYLAAG |
| 169 | Jesaja-waarnemingswerkblaaie |
| 339 | Jesaja-oorsigwerkblad |
| 341 | Israel se verdeling en gevangenskap |
| 343 | Lys van eindtye |
| 345 | Kaart |
| 347 | Profetiese tydperke in die geskiedenis |
| 349 | Artikel oor Assirië |
| 352 | Tydlyn van Jesaja |
| 355 | Groter prentjie van die Midde-Ooste |
| 356 | Hoe om 'n hoofstukstudie te doen |
| 358 | Oor Precept |

## NUTTIGE STUDIEHULPMIDDELS

ARTHUR, KAY; ARTHUR, DAVID; DE LACY, PETE
How to Study Your Bible
*Eugene, Oregon: Harvest House Publishers, 1994/2010*

The New Inductive Study Bible — The New American Standard Bible
*Eugene, Oregon: Harvest House Publishers, 2000*

## AANBEVOLE KOMMENTARE

GAEBELIEN, FRANK E.
The Expositor's Bible Commentary, Volume 6
*Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishers, 1990*

## AANBEVOLE SAGTEWARE

Logos Bybelsagteware
Kragtige soekenjins met tot 4 000 elektroniese Bybelstudiehulpmiddels (kommentare, leksikons, Bybelse woordeboeke ens.) maak dit vinnig en maklik om eenvoudige en komplekse soektogte van veelvoudige bronne te doen en saam te vat in 'n sistematiese en geordende aanbieding — Dis by uitstek geskik vir woord- en onderwerpstudies gebaseer op die oorspronklike Hebreeuse en Griekse tekste. Beskikbaar by www.logos.com.

**Lees asseblief voor jy begin**

Is dit moontlik dat JY 'n antwoord op ons gebed is omdat jy hierdie Bybelstudie van Jesaja gekies het? Dat ons mekaar nou ontdek?

Ons het God gevra om mans en vroue uit al die vlakke van die samelewing, wat 'n honger het na die waarheid, na ons te stuur. Hulle wat na 'n ander dimensie van Bybelstudie verlang, nl. na 'n manier om God se Woord so te bestudeer dat hulle die waarheid self ontdek en dan, met die wete dat dit die absolute waarheid is, hulle lewenswandel vanuit 'n Bybelse perspektief sal beskou en hulle lewens daarvolgens sal inrig, ongeag die koste. Mense wat daarna streef om aan God welgevallig te wees (2 Korinthiërs 5:9).

Het ons mekaar nou ontdek? O, hoe bid ons daarvoor.

**Die kroonjuweel van die profete**

Jy gaan nou begin om die kroonjuweel van die Ou Testamentiese profete te bestudeer — 'n boek wat die leser dikwels baie diep in sy hart raak. Die woorde van Jesaja is dikwels deur Christus die Messias, oor wie geprofeteer is in Jesaja, aangehaal. Dink daaraan dat as Jesus, vleesgeworde God, hierdie wonderlike boek so hoog geag het, behoort ons dit ook te doen. In die 66 hoofstukke van hierdie boek lê die lot van nasies, die toekoms van die mensdom … myne en joune ingesluit, Geliefde. Is dit dan 'n wonder dat Jesaja meer as 54 keer in die Bybel, die evangelies, Handelinge en Romeine ingesluit, by die naam genoem word.

**Die struktuur van Jesaja**

Alhoewel dit goed sal wees om die hele Jesaja te lees voor ons begin, gaan ons dit hoofstuk vir hoofstuk doen. Die boek kan in twee dele verdeel word: hoofstuk 1-39 en hoofstuk 40-66. Die struktuur is net soos die Bybel s'n: 39 hoofstukke in die Ou Testament en 27 hoofstukke in die Nuwe Testament.

**Ons strategie**

Die aantal hoofstukke wat ons in elke les gaan behandel, sal verskil op grond van die struktuur van Jesaja, die vloei van die skrywer se gedagtegang en wat redelik moontlik is om in een week te hanteer. As ons jou dus vra om drie hoofstukke van die Ou Testament in een week te behandel, moet jy asseblief deurdruk.

Jy moet ook nie die aantal bladsye van 'n les tel nie! Dit het niks te doen met die hoeveelheid werk nie. Doen week vir week wat jy kan doen. As jy nie 'n les voltooi het nie, moenie na dit kyk wat jy nie voltooi het nie! Fokus eerder op dit wat jy wel kon uitvoer — selfs al is dit net een dag se werk! Dit is beter as niks nie! Leer jouself om te volhard — om te voltooi waarmee jy begin het. Dit, op sigself, is deesdae prysenswaardig en DIT is wat ons tot godsvrug lei.

© 2023 Precept South Africa

Indien jy al voorheen 'n Nuwe Testamentiese kursus saam met Precept South Africa bestudeer het, maar nog nooit 'n Ou Testamentiese kursus nie, sal jy gou besef dat om Ou Testamentiese boeke waar te neem, anders is as om Nuwe Testamentiese boeke waar te neem. Dit is hoofsaaklik omdat 'n mens met verskillende tipes letterkunde te doen het.

Jesaja, Yesha'yahu, beteken "Jehova red" of "redding van Jehova". Dit is wat so pragtig sal ontvou in hierdie boek wat gevul is met Hebreeuse poëtiese parallelle. Dit is digkuns wat 'n waarheid noem en dit dikwels amper onmiddellik herhaal deur dieselfde waarheid net in ander woorde te stel. Daar word gesê dat om Jesaja in Hebreeus te lees 'n ongelooflike ervaring is.

Tog, al kan jy nie (net soos Jesaja) Hebreeus lees nie, sal jy ook die Heer "sien sit op 'n hoë en verhewe troon" (Jesaja 6:1 Afrikaanse 2020-vertaling) en jy sal verstaan waarom die Serafs dag en nag uitgeroep het "Heilig, heilig, heilig" terwyl hulle die Heilige van Israel geloof en geprys het. Jy gaan 'n eerstehandse kennis van God opdoen wat jy nog nooit voorheen gehad het nie — en dit op sigself is genoeg rede om hierdie studie te doen.

**As jy begin**

- Onthou dat as jy die Woord van God bestudeer (induktiewe studiemetode) is God self jou leermeester. Hierdie studie gaan jou help om saam met die psalmdigter te sê, "Van u beslissings het ek nie afgewyk nie, want dit is U wat my onderrig" (Psalm 119:102).

- As jy vrae het oor hoe om woordstudies of ander oefeninge te doen sal Precept se **How to Study Your Bible** jou nie net die vaardighede leer van waarneming, interpretasie en toepassing van 'n teks nie, maar jou ook prakties help om Hebreeuse en Griekse woordstudies te doen. Dit is 'n boek wat jy in jou eie biblioteek behoort te hê. (Besoek ons webtuiste vir meer inligting: www.precept.org.za.)

- **Jy benodig 'n Bybel en kleurpotlode om hierdie studie te doen.** Ons gebruik Die Bybel, Afrikaanse 2020-vertaling vir hierdie studie. Oorweeg dit om aanvullend die *The New Inductive Study Bible* (NISB) te gebruik. Ons beskou hierdie Bybel as die beste Studiebybel. Jy kan beide Bybels by jou naaste Christelike boekwinkel kry of by Precept South Africa op die web by www.precept.org.za, of deur +27 (0)21 531-1836 te skakel.

- **Jou studietyd gaan nie sonder uitdagings wees nie**. Die vyand van jou siel, die prins van hierdie wêreld, wil nie hê dat jy die waarheid vir jouself moet ontdek nie. Satan is 'n leuenaar en die vader van leuens en hy weet dat die waarheid jou vrymaak. Volhard — elke gelowige oorwin die wêreld (1 Johannes 5:4-5).

- **Moenie dat enigiemand vir jou vertel dat Precept te moeilik is nie**. Dit is nie. Voorskrif op Voorskrif induktiewe kursusse verg net tyd en dissipline. Mense uit alle vlakke van die samelewing en vlakke van opleiding in 150 lande doen hierdie studies wat in 70 tale vertaal is. Jy is deel van 'n wêreldwye familie wat genoeg waarde aan die Bybel heg om die nodige tyd en dissipline wat dit regverdig daaraan te bestee — dit is tog die Woord van God.


© 2023 Precept South Africa

- **Jy sal agterkom dat ons jou "*Geliefde*" noem**. Dit is omdat jy geliefd is — deur God en die Precept-familie. Glo dit of jy wil of nie, al voel dit so of nie, jy is geliefd. Jy sal dit regdeur die Nuwe Testamentiese boeke vind. Ons is hier in goeie geselskap — saam met Petrus, Paulus, Johannes en Judas — mans wat hierdie term gereeld gebruik het! Jy moet weet jy is 'n Geliefde.

Welkom dus, *Geliefde van God*, by Deel 1 van Jesaja.

- Mag die ontdekking van die waarheid van Jesaja vir jouself 'n leeftyd se seën inhou. Mag dit jou daartoe lei om Hom te ken en sy weë beter te verstaan as wat jy ooit kon dink of verwag.
- Mag dit jou uitdaag om die "regering van jou lewe" op die skouers van die Seun van God te plaas sodat jou hele lewe gerig is op die dag wanneer al die nasies sy glorie sal sien (Jesaja 9:6; 66:18).
- Mag dit vir jou 'n onwankelbare hoop gee wat jou sal toelaat om die Here se reënboog te sien in elke stormagtige gebeurtenis in jou lewe en in die wêreldgeskiedenis wat op 'n botsing afstuur.


**Dien ander**


Bring iemand saam met jou na die Bybelstudie. Mense smag daarna om 'n mentor te hê tydens lewenskrisisse. Jy kan hulle nie op 'n beter manier bystaan nie. Ons kan nie wag om te hoor wat God doen nie. Laat ons asseblief weet. Daar word vir jou gebid.

© 2023 Precept South Africa

*Precept South Africa*
*Ringwoodrylaan 187,*
*Pinelands, 7405, Suid-Afrika*






# LES EEN
## Hoofstuk een en twee

HIERDIE LES SLUIT IN:

In die bylaag:
- Waarnemingswerkblaaie van Jesaja 1-2
- Tydlyn van Jesaja
- Kaart: Die verdeling en gevangenskap van Israel
- Lys van eindtye
- Jesaja-oorsigwerkblad
- Profetiese tydperke in die geskiedenis

Kruisverwysings

**Vraag van die week:**

***Hoe hanteer die Heilige van Israel diegene wat Hom bely as hulle God, terwyl hulle God nie eer in hulle lewenswyse nie?***

**Dieselfde gebeur vandag. Wat is die antwoord?**

© 2023 Precept South Africa 

## DAG EEN

God het 'n regsaak teen sy mense en Hy is op die punt om hulle voor sy heilige hof te daag. Wat is die probleem — en wat het dit vandag met jou en my te doen? Dit is wat ons gedurende die volgende twee weke gaan ontdek terwyl ons die eerste vyf hoofstukke van Jesaja bestudeer.

1. Geliefde, begin jou studie met gebed. Onthou, dit is God deur sy Gees wat jou Leermeester is. Hy is die Een wat die hart en gedagtes van die mens ondersoek en wat sy Woord stuur om hulle te genees en aan hulle wysheid en insig te gee. Maak dus 'n gewoonte daarvan om elke dag se studie met gebed te begin.

2. Ons fokus vandag op hoofstuk 1. Lees dit in jou Bybel of gebruik die Waarnemingswerkblad in die Bylaag. *Waarnemingswerkblaaie is die dubbelgespasieerde teks met breë kantlyne sodat daar spasie is vir aantekeninge terwyl jy met die opdragte besig is. Dit sal jou perspektief gee op God se Woord soos gesien deur sy boodskapper*. Wanneer jy gereed is, kyk na Jesaja 1:1.

   a. Hoekom is Jesaja 1:1 so belangrik? Watter insig gee dit vir jou? Of om dit anders te stel, watter rol speel hierdie vers in die verstaan van Jesaja?

   b. Kom ons kyk nou na die detail van Jesaja 1:1. (Jy mag dalk alreeds hierdie vrae hierbo beantwoord het. Ons wil net seker maak jy mis nie enigiets nie.)

      1) Wie is die skrywer van Jesaja? Wat leer jy oor hom?

      2) Wat skryf hy?

      3) Vir wie is dit belangrik?

      4) Wanneer is dit "gesien"?


© 2023 Precept South Africa

c. Jy het nou net gesien dat Jesaja geprofeteer het gedurende die heerskappy van die vier konings van Juda. Kom ons kyk nou waar daardie konings se name in Jesaja 1-39 genoem word. Lees die volgende tekste, maak aantekeninge oor wat hulle van die koning sê, wie hy is en wat alles gebeur. Skryf dan hulle name in die eerste kolom van die segmentgedeelte, *Konings van Juda*, op die Jesaja-oorsigwerkblad in die bylaag langs die hoofstuk waarin jy die inligting gekry het. Doen dit in potlood ingeval jy iets wil verander of na 'n ander plek wil skuif. Jy sal later sien dat die oorsigwerkblad 'n wonderlike manier is om 'n opsomming van die raamwerk van Jesaja te kry. Dit sal ook help om die verdeling in segmente van die eerste 39 hoofstukke te sien en jou help om meer insig in die groter prentjie van Jesaja te kry.

1) Jesaja 6:1

2) Jesaja 7:1

3) Jesaja 14:28

4) Jesaja 36:1

d. Vergelyk dit wat jy nou net in Jesaja gesien het met Jesaja 1:1. Watter koning se naam word nie in die teks van Jesaja genoem nie? Wie regeer voor hom en na hom?

e. Daar is 'n wonderlike kaart van "Tydlyn van Jesaja" agter in hierdie boek wat vir jou 'n visuele oorsig sal gee van die tye van Jesaja se bediening.

1) Soek Jesaja op die tydlyn. Skryf die datums van Jesaja se bediening hieronder en op die Jesaja-oorsigwerkblad onder *Datums*. Dalk wil jy ook hierdie datums in jou Bybel langs Jesaja 1:1 neerskryf.

© 2023 Precept South Africa

2) Vind die name van die konings wat in Jesaja 1:1 genoem word op die tydlyn. Skryf nou die datums van hulle regeertydperke hieronder en langs die inligting wat jy op die oorsigwerkblad onder *Konings van Juda* ingevul het. Jy sal datums sien wat oorvleuel. Dit dui daarop dat beide vader en seun saam regeer het vir 'n tydperk.

3. Waaroor handel hoofstuk 1? Wie praat en met wie praat hy? Wat word gesê? Die wyse waarop die betekenis van 'n teks ontsluit word, is om die antwoorde te vind op die **5 W- en H-vrae: wie, wat, wanneer, waar, waarom en hoe**.

   a. Het jy agtergekom die eerste W is vir wie? Dit is 'n goeie plek om jou waarneming te begin, want dit is die maklikste om die verwysings na *mense* raak te sien. Begin dus met die *wie's* van hoofstuk 1: maak 'n lys van die hoofkarakters.

   b. Jy kan tot wonderlike inigte kom as jy die teks volgens kleure kodeer. Identifiseer sprekers deur elke verwysing na hulle (name, voornaamwoorde, sinonieme) met 'n spesifieke kleur te merk. Merk ook diegene met wie hulle praat in 'n ander kleur. Kleurkodering is 'n effektiewe identifiseringswyse.

   Lees Jesaja 1 en kleur elke verwysing na die volgende in:

   1) *Israel*, die sondige volk, in een kleur. Merk al die sinonieme (bv. mense) en voornaamwoorde. Ons stel voor dat jy blou gebruik. Blou is die kleur van die sterre op Israel se vlag.

   2) die *Here* in 'n ander kleur, byvoorbeeld geel (want God is Lig!)

   *Merk slegs Israel en die Here in hoofstuk 1 op hierdie manier, tensy anders vermeld.*

4. Nadat jy die teks gemerk het, let op alles wat jy geleer het van diegene wat jy gemerk het. Byvoorbeeld, toe jy die HERE gemerk het, het jy agtergekom dat daar op verskillende maniere na Hom verwys word? Maak hieronder 'n lys van die verskillende maniere waarop daar na die HERE verwys word.


© 2023 Precept South Africa

(Terloops, as jy HERE in hoofletters in die Bybel lees, is dit die vertaling van YHWH [Yahweh]. As dit as Here geskryf word, is dit die vertaling van Adonai wat "meester" beteken.

5. Hersien wat jy van God se mense geleer het deur die verskillende verwysings wat jy gemerk het. Som nou in so min as moontlik woorde op waaroor Jesaja1 eintlik gaan.

6. Ten slotte, Geliefde, dink aan die einde van hierdie dag aan alles wat jy binne net een dag geleer het. Sien jy die parallelle tussen die status van God se mense in die verlede en in die hede? Is hier enigiets van toepassing?

*Sê jy, "Sjoe!"? Dit is omtrent indrukwekkend, is dit nie? Jy het vandag 'n klomp inligting ingeneem. Moenie bekommerd wees as jy nie alles kan onthou nie. Dit is alles neergeskryf; dus kan jy enige tyd weer daarna kyk. Jou Voorskrif op Voorskrif-leier gaan weekliks saam met jou hersien wat jy geleer het. Daar wag 'n ongelooflike studie op jou. Onthou net dat die vyand van jou siel, die prins van hierdie wêreld, die duiwel wat Satan genoem word, nie wil hê dat jy hierdie dinge moet weet nie. Hy sal alles in sy vermoë doen om te verhoed dat jy die woord van God op hierdie manier bestudeer. MOENIE LUISTER NIE. Besluit nou dat jy jouself vir die volgende veertien weke gaan toewy aan die bestudering van Jesaja en dat jy die kursus gaan voltooi. Maak dit jou daaglikse gebed. Dit is die boek vir hierdie tyd in ons geskiedenis!*

DAG TWEE

1. Moenie vergeet om jou dag met gebed te begin nie. Onthou, Geliefde van God, jy het toegang tot die Outeur en Hy wil regtig hê jy moet weet, verstaan en leef volgens elke woord wat Hy spreek. "U moet geprys word, HERE! Leer my u voorskrifte!" (Psalm 119:12).

2. Die eerste ding wat ons vandag wil doen, is om seker te maak ons het die breë historiese konteks van die geskiedenis van die nasie Israel, na Salomo se dood.

   a. Na die dood van Salomo (Dawid se seun en die derde koning van Israel), het Israel in 931 v.C. 'n verdeelde nasie geword. Kyk na 'n ander kaart in die bylaag: *Israel se verdeling en gevangenskap* en gebruik die inligting om die oop spasies hieronder in te vul. Die inligting is geneem uit die Afrikaanse 2020-vertaling.

      1) Samaria was die Noordelike Koninkryk van Israel se hoofstad. Dit is in __________________ v.C. deur _________________ in gevangenskap geneem. Was dit gedurende, voor of na die tyd van Jesaja? Omkring die korrekte antwoord.

      2) Die Suidelike Koninkryk van Juda het Jerusalem (Sion, God se Heilige berg), as hoofstad gehad. God het sy naam daar geplaas en Salomo het daarna die tempel daar gebou. Dit is in_________________ v.C. deur _________________ in beslag geneem. Was dit gedurende, voor of na Jesaja se tyd? Omkring die korrekte antwoord.

      3) Die Noordelike Koninkryk is *Israel* genoem. Dit is dus noodsaaklik dat jy sal onderskei of die verwysing in Jesaja na die hele Israel of die Noordelike Koninkryk verwys. Dit word deur die konteks bepaal.

      4) Jy kan van die kaart aflei dat toe Jesaja sy profesie begin het, die Noordelike Koninkryk nog nie deur die Assiriërs in gevangenskap geneem is nie. Stel vas of Jesaja 1:1 en die kaart by jou in Jesaja 1:3 na die Noordelike Koninkryk of die hele nasie verwys?

   b. Wie was die ander profete in die tyd van Jesaja en oor wie het hulle geprofeteer? Gebruik **Tydlyn van Jesaja** in die bylaag om hulle name te vind. Terloops, 'n profeet was 'n persoon wat deur God geroep is om sy boodskap oor te dra.


© 2023 Precept South Africa

c. Slaan die boeke van elke profeet in die Ou Testament na en lees elkeen se eerste vers. Wat sien jy?

3. Kom ons gebruik 'n paar minute om oor Ussia se heerskappy te lees, want Jesaja vertel ons dis die tydstip waarop hy begin profeteer het. Terwyl jy elkeen van die volgende gedeeltes opsoek, som ook alles op wat jy oor Ussia leer, die ander konings wat ook genoem word en die tye van hulle heerskappy.

   a. 2 Konings 14:17–15:38 (Terloops, Asarja is 'n ander naam vir Ussia.)

   b. 2 Kronieke 26:1–27:2. Voeg by wat 27:2 jou van die mense vertel.

   c. Raak nou stil en dink na oor hoe die Konings- en Kronieke-gedeeltes met Jesaja 1 ooreenstem.

*Jy het goed begin, vriend. Ons is so dankbaar dat jy gekies het om saam met ons te leer. Hiermee bid ons dat Ps 119:102 jou vers sal word … dat jy sal sê, "Van U*

© 2023 Precept South Africa 

*beslissings het ek nie afgewyk nie, want dit is U wat my onderrig." Ongelooflik, is dit nie? U (**God self**) is jou Leermeester!*

*Voor jy jou boek toemaak, gebruik 'n paar minute om oor Psalm 119:102 te reflekteer en oor dit  wat jy tot dusver hierdie week gelees het, geliefde van God.*

*Vra jouself weer af of jy ooreenkomste met vandag sien. Jy wil miskien jou gedagtes neerskryf asook enige gebede wat deur die Heilige Gees, wat die hart en die verstand van die Vader deursoek, in ons geplaas het en dan vir ons intree volgens sy wil.*

## DAG DRIE

1. Vandag gaan ons weer Jesaja 1 lees. Hierdie keer gaan ons die sleutelwoorde merk. Maak eers 'n **sleutelwoord boekmerk**. Dit is redelik eenvoudig, maar kom ons neem die nuwelinge stap-vir-stap deur die proses.

   a. Gebruik 'n groot indekskaart of die agterkant van die sleutelwoordkaart op die agterblad van jou Voorskrif op Voorskrif-handleiding. Skryf die sleutelwoorde by nommer 2 hieronder neer. 'n **Sleutelwoord** is 'n belangrike woord wat dikwels herhaal word of 'n woord of frase wat jou help om die betekenis van die teks beter te verstaan. Terloops, laat genoeg spasie op jou boekmerk om nog sleutelwoorde by te voeg soos jy verder met Jesaja vorder.

   b. Merk elke woord of frase in 'n kenmerkende kleur, kleurkombinasie en/ of simbool op die sleutelwoordkaart soos wat jy dit in jou Bybel of op jou Waarnemingswerkblad gaan merk. Voorstelle van hoe om woorde wat gereeld voorkom te merk, is op die voorkant van die sleutelwoordkaart. Die merk van die woorde maak dit vir jou maklik om die woord raak te sien elke keer as dit in die teks voorkom.

2. As jy sleutelwoorde merk, merk ook hulle sinonieme en voornaamwoorde. Hier volg 'n paar sleutelwoorde en frases wat jy vir Jesaja kan gebruik. 'n * dui op woorde waarvoor daar voorstelle op jou sleutelwoordboekmerk is.

   a. *woord van die Here* (en verwysings na God wat praat). Party van ons teken 'n simbool soos hierdie  met pers en kleur dit met groen in.

   b. *sonde* (en sinonieme soos *sondig, sondaars, ongeregtigheid, oortredings, kwaad doen, boos*)*

   c. *land**, as dit verwys na die land wat God deur sy verbond aan Israel belowe het. (As jy die Ou Testament saam met ons bestudeer het, doen jy dit al van Genesis af.) Party van ons onderstreep dit dubbel in groen soos wat ons vir alle geografiese plekke maak. Dan kleur ons die land in blou in om te pas by die vlag van Israel.


© 2023 Precept South Africa

d. *stad* (*Sion, Jerusalem, berg* as dit verwys na die berg van die Here; lees Jesaja 2:3 en 66:20). Dit is in die hele Jesaja 'n baie belangrike woord. Jy wil dus niks mis wat God sê oor die stad Jerusalem of Sion soos dit ook genoem word nie. Jy kan 'n blou ster van Dawid soos hierdie gebruik .

e. *regverdigheid**

f. *vuur* en *brandende* as dit verwys na verwoesting deur vuur en as dit verwys na die Here. Jy sal sien dis 'n baie belangrike woord.

g. *verwysing na tyd**

h. *geografiese plekke**

3. Nou is jy gereed om Jesaja 1 te lees en te merk.

*Ons is so trots op jou! Dink aan die waarheid wat jy vir jouself gaan ontdek. Dit is opwindend, is dit nie, om te "hoor" wat God gesê het, om te weet dit is die waarheid, om te verstaan wat dit beteken en dit dan toe te pas in ons lewens.*

**Twee belangrike wenke as jy nuut is by Precept.** (Ons is so dankbaar dat jy by ons aangesluit het, Geliefde.)

- Terwyl jy elke sleutelwoord merk, raak stil en dink aan wat jy leer deur hierdie spesifieke woord te merk. Soms help dit om 'n lys te maak van dit wat jy byvoorbeeld oor die stad van Sion —Jerusalem, leer. Onthou dat 'n stad mense verteenwoordig.
- Sommige studente verkies dit om die hoofstuk 'n paar keer deur te lees en net 'n paar woorde op 'n keer te merk.

4. Aan die begin van elke les en in die bylaag vind jy die tydlyn Profetiese tydperke in die geskiedenis. Soos wat ons Jesaja bestudeer, sal ons sien dat Jesaja na elkeen van hierdie tydperke verwys. Byvoorbeeld in hoofstuk 1 sou jy 'n verandering gesien het in die hoofstuk tussen vers 23 en 24. In vers 1-23 profeteer Jesaja oor die staat Israel gedurende sy eie tyd. Die frases "Ek sal" en "Ek wil" wat by vers 24 begin dui daarop dat Jesaja oor die toekoms profeteer.

   Lees vers 24-31. Het die gebeure alreeds plaasgevind? Indien nie, weet ons dat dit óf inpas by die tweede koms van Christus en sy heerskappy óf by die nuwe hemel/nuwe aarde.

© 2023 Precept South Africa

Terwyl jy met jou studie van Jesaja aangaan, verwys voortdurend na Die Profetiese tydperke in die geskiedenis. Jy sou in die kantlyn van jou Waarnemingswerkblad of jou Bybel kon aandui na watter tydperke verwys word. Party van ons gebruik 'n potlood sodat dit maklik is om veranderinge aan te bring.

5. Noudat jy jou waarnemings voltooi het, kan ons aandag gee aan toepassings. Jy is gevra om *sonde* en *ongeregtigheid* op dieselfde manier te merk, maar daar is tog 'n subtiele verskil.

   In Hebreeus is *ongeregtigheid* "'*āwâ* wat óf beteken om 'af te wyk van die standaard' óf om die 'standaard te verdraai'"[1]

   *Sonde* "*hātā'* beteken om die 'standaard te mis' of 'om tekort te kom aan die standaard.'"[2]

   Dit was wat Israel gedoen het met die standaard van God se Woord — die gebooie wat Hy gegee het. Bring tyd in gebed deur aan die einde van jou studie vandag. Vra God om jou te wys waar jy wegdwaal van, of waar jy tekortskiet aan sy standaarde of dit verdraai — en sê dan vir Hom dat jy in geloofsgehoorsaamheid wil lewe.

## DAG VIER

Totdat dit 'n gewoonte raak, sal ons jou daaraan herinner om jou studie met gebed te begin as 'n goddelike ontmoeting met die Heilige/Een van Israel, die Here van die leërskare … "want dit is U wat my onderrig" (Psalm 119:102). Verlustig jou daarin! Sit aan sy voete, luister na wat Hy sê, hou vas aan al sy woorde en oordink dit. Vertel vir Hom dat jy Hom wil ken, leer sy voorskrifte en verstaan hoe om in die lig van die waarheid te leef. Om te leef in Christus.

1. Terwyl jy tyd aan die eerste hoofstuk bestee, sal dit duidelik word dat Israel se Verbondsgod sy mense tot rekenskap roep deur Jesaja, sy segsman. Kom ons keer terug na die Tora ("die Wet"), soos geskryf deur Moses, om te sien hoekom God Israel tot verantwoording roep. Hoekom die "hofsaak"? Watter verbondsreëls het hulle verbreek?

   a. Lees Eksodus 24:1-8. Gee aandag aan God se *verbond* en die mense se reaksie daarop. Wat het hulle belowe?

---

1. R. L. Harris, Gleason L. Archer, Jr., en Bruce K. Waltke, eds., *Theological Wordbook of the Old Testament* (electroniese uitg.) (Chicago, Illinois: Moody Press, 1999).
2. Ibid.


© 2023 Precept South Africa

b. Lees Deuteronomium 28:1-14. Gee een woord vir dit wat belowe word.

c. Lees nou Deuteronomium 28:15-20, 45. Maak ’n opsomming van dit wat belowe word (eintlik gedreig word) en waarom?

d. Waarom is daar ’n hofsaak in Jesaja 1? (Hierdie is nie ’n truukvraag nie. Die antwoord is kort en eenvoudig.)

e. Wat belowe God ten slotte in Deuteronomium 30:1-5 en aan wie? Sien jy ’n sinspeling hierop in Jesaja 1? Waar en vir wie?

2. Stop eers en reflekteer waarom die HERE God Homself beskryf met die titel wat Hy in Jesaja 1:4 aanhaal? Dit word sewe en twintig keer in Jesaja gebruik, veel meer as in enige ander plek in die Woord van God. Dit hou verband met God se boodskap aan sy mense regdeur Jesaja. Jy sal dit op ’n onderskeidende manier wil merk. Wanneer jy dit dan sien, onthou Geliefde, dit *is* wie God vandag is. Onthou God verander nooit — Hy is onveranderlik. As jy neerskryf hoe God na Homself in Jesaja 1:4 verwys, let op die konteks waarin Hy dit doen.

© 2023 Precept South Africa

Hoe behoort die wete dat Hy onveranderlik is en jy dit ter harte neem, jou gedrag te verander? Let daarop dat ons die woord "behoort" en nie "moet" nie gebruik. As ons ware kinders van God is, is ons nie slawe van die sonde nie, maar ons kan steeds sonde doen — dit is 'n keuse. Onthou, God sê vir ons, "Julle moet besef: Julle sonde sal julle inhaal" (Numerie 32:23). 'n Heilige God kan nie sonde oorsien nie!

3. Kom ons kyk nou na Jesaja 2. Dit is 'n absolute ongelooflike hoofstuk. Jy sal binnekort sien hoekom ons dit sê. Doen die waarneming van hierdie hoofstuk en vra die 5 W- en H-vrae. Skryf die volgende sleutelwoorde en frases op jou boekmerk en merk dit dan in die teks:

   a. *in die laaste dae* (Merk dit op so manier dat dit onderskei kan word van die gewone tydfrases.)

   b. *nasies*—God het baie oor die nasies te sê in Jesaja; daarom is dit belangrik om dit te merk.

   c. *die berg van die HERE se huis* (Jy kan ook verwysings na die *tempel* in Jerusalem [wat die huis van die Here is] op dieselfde manier merk.)

   d. *verwaand* (*trots*, *hooghartigheid*). (Jy kan 'n pyltjie wat opwaarts wys ↑ gebruik om die woorde te merk.)

   e. *nederig* (Jy kan 'n pyltjie wat afwaarts wys ↓ gebruik.)

   f. *afgode*

4. Verdeel nou hoofstuk 2 in paragrawe of segmente. (Een moontlike verdeling is 2-4; 5-11; 12-22.) Som dan die inhoud van elke segment kortliks op. Jy kan dit op jou waarnemingswerkblad doen of skryf dit hieronder langs die versnommers.


© 2023 Precept South Africa

5. Hanteer Jesaja 1 en 2 verskillende onderwerpe of brei hoofstuk 2 uit oor die onderwerp van hoofstuk 1? (Die eerste vers van hoofstuk 2 sal vir jou 'n wenk gee.)

6. Skryf ten slotte die temas van Jesaja 1 en 2 op die **Jesaja-oorsigwerkblaaie** wat in die bylaag is neer. Die tema is die hoofonderwerp van die hoofstuk — waaroor die hoofstuk handel. Die oorsigwerkblad is 'n baie belangrike hulpmiddel by die induktiewe Bybelstudiemetode — dit help jou om die struktuur van die boek te onderskei: hoe die materiaal uitgelê is, hoe die inhoud van elke hoofstuk verband hou met die boek as geheel en hoe die boek in segmente verdeel is.

© 2023 Precept South Africa 

*Dankie dat jy deur middel van waarheid wil redeneer dat jy God se Woord wil respekteer en eer deur jou studie om jouself aanvaarbaar vir Hom te maak. Dankie dat jy nie net met 'n lepel gevoer wil word nie, maar dat jy wil groei tot volwassenheid soos geskryf is in Hebreërs 5:14–6:1 — deur jou sintuie te oefen. Julle vul ons harte met vreugde, broers en susters — die passie om Hom beter te leer ken.*

## DAG VYF

1. Geliefde, kom ons dink na oor dit wat jy in Jesaja 2 waargeneem het. Refleksie (meditasie) is so 'n belangrike stap om waarheid vir jouself te ontdek. Ons is so besig, ons lewens is so vol geraas en stimulasie dat ons selde tyd gebruik om stil te raak en oor die waarheid na te dink en met ons Vader te praat oor dit wat Hy sê. Skakel daarom alles af en DINK!

   Selfs al voel jy jy het reeds sommige van die vrae in gister se huiswerk aangeraak, beantwoord dit weer as hersiening. Dit help om die waarheid vanuit verskillende perspektiewe te beskou. As jy egter voel jy het reeds antwoorde uit gister se waarnemings gekry, hoef jy dit nie weer neer te skryf nie.

2. Hoe begin Jesaja 2? Lees die eerste vier verse.

   a. Wat gaan gebeur? Met wie?

   b. Wanneer?

   c. Waar?

3. Vergelyk Jesaja 2:1-4 met Miga 4:1-3. (Onthou jou **Tydlyn van Jesaja**? Miga is 'n tydgenoot van Jesaja.) Wat sien jy raak? Onthou wat jy gesien het toe jy gedurende die eerste les van die week na Miga 1:1 gekyk het.


© 2023 Precept South Africa

*O geliefde student, besef jy wat jy sopas oor die toekoms geleer het? Dit behoort jou met ontsag te vul en terselfdertyd vir jou standvastige vrede te gee.*

*As jy wonder waar God is — waarom Hy nie bose mense en nasies keer nie — wanneer jy sy regverdigheid bevraagteken, kan jy hardloop na die belofte van sy toekoms wanneer Hy bo hemel en aarde verhewe sal word. Jy sal daar wees om dit self te sien en te ervaar as jy waarlik 'n kind van God is!*

*En as jy nie is nie — as jy Christenskap bely, maar nie Christus binne-in jou het nie, die hoop op die heerlikheid — vra dan vir God in sy genade en barmhartigheid om jou te red. Hy sal nooit die wat na Hom toe kom wegwys nie. Hy sal hulle eerder verwelkom in sy ewige familie. Dit kan jy wees.*

4. Kom ons vergelyk nou Jesaja 1 en 2:1-4. Is daar enige belofte of sprankie hoop vir *enigiemand* in Jesaja se boodskap in hoofstuk 1?
   a. Waar is dit? Wat is dit? Wie trek voordeel daaruit?

   b. Hou dit enigsins verband met Jesaja 2?

5. Wat gebeur in Jesaja 2:5-11? Sien jy iets soortgelyks in vandag se samelewing?

© 2023 Precept South Africa

6. Wat het jy geleer deur *trots* te merk?

7. Wat het jy geleer deur *afgode* te merk? Terwyl jy jou insigte neerskryf, deurdink dit. God wil nie hê dat jy die ironie van dit wat die afgodsdienaars doen, miskyk nie.

8. Hoe hou Jesaja 2:12-21 verband met Jesaja 2:1-4? Wat verbind die twee gedeeltes?

9. Dit is so interessant om skrif met skrif te vergelyk — om die Bybel deur die te laat interpreteer.

   a. Lees Openbaring 6:12-17. Die waardige Lam breek die seëls van die boekrol. Is daar ooreenkomste met Jesaja 2?

   b. Kom ons kyk na die tydsfrase *die laaste dae* en kyk wat ons daaroor kan leer. Daar is nog meer wat volg, maar ons sal hier begin.

      1) Kyk weer na dit wat jy oor die laaste dae in Jesaja 2:2-4 geleer het.

      2) Wanneer het die laaste dae volgens Hebreërs 1:2 begin?


© 2023 Precept South Africa

3) *Wanneer* leef jy, Geliefde van God, op grond van hierdie insigte?

10. Besef jy hoe belangrik hierdie verse is? As jy net toelaat dat God sê wat Hy sê en glo dat Hy bedoel wat Hy oor die toekoms sê, kan jy so baie leer oor wat nog op ons en die hele wêreld wag. Terwyl jy Jesaja bestudeer, gaan jy baie verwysings kry na die eindtyd, die laaste dae wanneer "die HERE, Heerser oor alle magte, regeer op die berg Sion en in Jerusalem" (Jesaja 24:23).

    a. Dit sal voordelig wees om aantekeninge te maak van al die skrifgedeeltes wat oor hierdie tydperk handel, insluitende die dae wat sy heerskappy voorafgaan. Daar is 'n bladsy in die bylaag: Die dae voorafgaande aan en die insluiting van die heerskappy van die Here van die Leërskare op die berg Sion en in Jerusalem waar jy 'n lys kan maak van jou waarnemings. Jy kan selfs 'n lêer op jou rekenaar hiervoor oopmaak. **Terloops, ons sal in toekomstige opdragte hierna verwys as jou Lys van eindtye.**

    b. Skryf alles op hierdie bladsy neer wat jy uit Jesaja 1:27-31 en Jesaja 2:1-4; 10-21 oor hierdie dae geleer het.

    c. Kyk nou na Profetiese tydperke in die geskiedenis. Waar pas die gedeeltes van hierdie hoofstuk in? die geleentheid kry Dis alles reg as jy in hierdie stadium onseker voel. Jy sal gedurende die groepsbespreking geleentheid kry om daaroor te praat.

*Is jy nie absoluut verwonderd oor hoe die Woord van God inmekaar pas nie? Wat 'n ongelooflike voorreg dat ons dit in totale vryheid kan bestudeer! Dankie vir jou selfdissipline om godvresend te leef en om die Heilige van Israel te eer deur sy Woord.*

11. Ons kom nou by belangrike toepassings. Dit is so maklik om met minagting na Israel te kyk en hulle te oordeel vir hulle afgodediens, trots en rykdom (strydwaens en perde) en te vergeet dat God hierdie Ou Testamentiese woorde vir ons (die kerk) wat in die eindtye leef se lering opgeteken het (Romeine 15:4; 1 Kor. 10:11)!

    God roep die huis van Jakob deur Jesaja om te "wandel in die lig van die Here" — nie in die duisternis as gevolg van ongeloof se verontagsaming en ongehoorsaamheid nie. As Hy dit van sy verbondsvolk verwag, wat verwag Hy van diegene wat onder die Nuwe Verbond van genade staan? Onthou, genade is nie 'n lisensie om te sondig nie; dit is eerder die krag om dit te oorwin.

© 2023 Precept South Africa 

O Geliefde, wat dan van ons? Wandel ons in die lig van die Here of in in lewenstrots? In sy liefde of in liefde vir die wêreldse dinge? In nederige afhanklikheid van sy Gees of in die vertroue van die vlees?

Gebruik tyd om voor die Here te sit en vra Hom om jou hart te deursoek. Wat is jou hart se begeertes? Hoe duidelik kan 'n mens sy lig in *jou* lewe sien, die keuses wat *jy* maak, die lewenstyl wat *jy* kies, die manier waarop *jy* jou tyd, jou talente en finansies wat Hy *jou* gegee het bestee?

12. Ten slotte, wat van die vermaning in 2:22?

    a. Waarom juis nou *hierdie* woord (die mens) op *hierdie* stadium? Wat sê dit vir jou?

    b. Is daar enigiets wat jy van toepassing op jou eie lewe kan maak, Geliefde?

*Ons is so trots op jou. Dink net aan alles wat jy geleer het. Dis wonderlik, is dit nie? DINK nou aan alles wat jy oor jou God uit sy Woord geleer het — totdat jy vanaand jou oë sluit. Soos jy gesien het, ten spyte van die mens se sonde, is daar 'n toekoms en daar is hoop, want daar is God.*

*Maar omdat Hy die Heilige van Israel is, sal sommige sy verskrikking en die krag van sy ontsagwekkende dade ervaar wanneer Hy opstaan om die aarde verskrik (Jesaja 2:19).*

*Moenie die waarheid vergeet wat jy self ontdek het nie. Som dit op as 'n gebed. Onthou, al het jy gesondig, is daar 'n toekoms en hoop vir jou, net soos wat daar vir Israel was. Glo dit! God het dit gesê. Leef daarvolgens …*


© 2023 Precept South Africa